NG KERK
KUILSRIVIER-DE EIKE

AANKONDIGINGE EN GEMEENTENUUS

SONDAG 3 OKTOBER 2021

NEGENTIENDE SONDAG IN KONINKRYKSTYD

GEMEENTE DAGBOEK

GEBEDSONDERWERP VIR DIE WEEK

Huwelike in ons gemeente

LEESROOSTERTEKSTE VIR DIE WEEK

Markus 10:2-16; Job 1:1, 2:1-10
Psalm 26; Hebreërs 1:1-4; 2:5-12

SONDAG, 3 OKTOBER	
	BIDDAG VIR BEJAARDES
09:30	Oggenddiens in die Kerk – Ds Hannes Burger
Geen	Kinderkerk
	Erediensspan 3 – Johan Norman
Geen	Aanddiens
Geen	Senior Kategese
MAANDAG, 4 OKTOBER	
Geen	Sportmanne Bybelstudie
Geen	Vroue Bybelstudie
DINSDAG, 5 OKTOBER	
Geen	Senior Burger Bybelstudie
Geen	Manne Bybelstudiegroep in Moederskamer
WOENSDAG, 6 OKTOBER	
Geen	Vroue Bybelstudie
10:00	Othello Biduur
DONDERDAG, 7 OKTOBER	
Geen	Dienssentrum vir Seniors
Geen	Openbaring Bybelstudie
	Sopbeurte: Carina de Mon, Whileen Galvin, Hester Hill, Luci Mulder, Christine Myburgh, Marina Rogotta, Theresa Swart

VRYDAG, 8 OKTOBER
SATERDAG, 9 OKTOBER
SONDAG, 10 OKTOBER
TWINTIGSTE SONDAG IN KONINKRYKSTYD 09:00 Oggenddiens in Kerk **Geen** Kinderkerk Erediensspan 1 – Chris van Niekerk **Geen** Aanddiens **Geen** Senior Kategese

VAN ALLES EN NOG WAT

1. Die leraars se landlyne werk nie meer nie. Kontak die kerkkantoor om hul selfoonnommers te kry.
2. Huis te huur in Andanté Aftree-oord – sien kennisgewing in voorportaal vir meer inligting.
3. Neem asb kennis dat daar geen Senior Bybelstudie op 5 Oktober is nie, agv die skoolvakansie. Bybelstudie hervat weer op 12 Oktober om 9:30.
4. Hennie Rootman word volgende Sondag 10 Oktober 2021 tydens die oggenddiens as Blokleier van Wsg 5 bevestig.

GEMEENTENUUS

1. Jacomina Swart (Manatokalaan) se oudste seun, Ruben Swart, het met Sherae Giliomee in die huwelik getree.
2. Renier Uys (Fort Simon, Bottelary) is oorlede. Die troosdiens vind komende Dinsdag om 10:00 plaas.
3. Johan Carstens (Swaan Singel) het ’n beroerte-aanval gehad en is tans in die hospitaal.
4. Johann Nel (Ronellestraat, Haazendal) het ’n hartoperasie ondergaan en sterk tans aan in die hospitaal.
5. Alida Eitner (Zevenwacht Village) het ’n operasie ondergaan en sterk tans aan.
6. Joubert Coetzee was in ‘n ongeluk betrokke. Joubert is die seun van Louis en Martel Coetzee (4de Laan).
7. Tannie Joanita Theron (Andanté) is oorlede.
8. Hein, seun van Annelene en Tommy Traut (Paul Krugerstraat), tree Vrydag in die huwelik met Zanelle Steyn.

VERJAARSDAE VIR DIE WEEK

03/10 Charl van Zyl, **Adri Burger**, Franja en Leah Hagen, Emrich Westenberg
04/10 Dane Laing, Natasha Smit
05/10 Lorraine Louw, Piet Gründlingh, Tertius le Roux, Andren du Preez, Lenie Nell
06/10 Jerome Losper, Trevor Langridge, Rentia Kleinhans, Juanita Geyer, Janke Smuts, Francien Johannes
07/10 Margaret Valentine, Ronelda Visser, Christie Myburgh, Fafa Kotze, Botha Vorster, Shariska Nel
08/10 Attie van Wyk, Flip Hugo, Juna van der Merwe, Dolan Goslett, Gian Engels
09/10 Antoinette Herselman, Anke Basson, Kuyper Albertyn, Mari Botma

EREDIENSTE

In terme van die nuwe vlak 1 inperkingsmaatreëls, is die perk vir binnenshuise byeenkomste 750. Ten einde steeds sosiale afstand te kan handhaaf, is ons maksimum per erediens 450.
Almal wat die Erediens en kinderkerk (soos gereël) wil bywoon moet elke week hul naam op die lys by die kerkkantoor plaas. Besoek hulle of kontak hulle telefonies by 021 903 3818 gedurende kantoorure.

Die diens word op De Eike se YouTube kanaal uitgesaai. Die uitsending begin om 9:25 en sal dus die voorsang en aankondiginge insluit. Skakel asb in soos dit jou eie behoeftes pas.

Tans is daar nog **nie aanddienste nie**, ons sal jul ophoogte hou van enige verandering.

Ons wys net ons lidmate daarop dat met die veranderde skoolkwartale vanjaar se almanak ietwat verander het. Ons sal julle weekliks op hoogte hou van die program soos aangepas.

JAARPROGRAM WYSINGINGS

Vanweë verskeie faktore, soos die veranderde skoolkwartale, die uitreik na Nuwerus gemeente en ds Hannes se Sabbatsverlof, is daar ‘n paar skuiwe en reëlings rondom eredienste waarop lidmate moet let.

Vanaf Sondag 10 Oktober sal die erediens om 09:00 begin.

Die Nagmaal van 17 Oktober skuif na 24 Oktober.

By die diens van 17 Oktober sal die geskenkies aan die skoolverlaters oorhandig word, terwyl vanjaar se finalejaarkatkisante belydenis van geloof sal aflê. Familie en vriende van die betrokke kinders wat graag dié diens wil bywoon, moet onthou om in die week vóór die Sondag hulle plekke in die erediens te bespreek. Kontak die kerkkantoor daarvoor.

DROP & GO

Baie dankie vir die mooi reaksie van ons lidmate wat ons so getrou ondersteun. Danksy almal se ruim bydraes kan ons gereeld kospakkies voorsien aan ons behoeftige lidmate.

Bydraes kan steeds deur die loop van die week, tydens kantoorure, by die kerkkantoor afgegee word.

Alle voorrade is baie laag



Baie dankie vir jul voortgesette ondersteuning.
Cedric en Piet

NUUS VANUIT DIE GETUIENISAKSIE

Ons sê baie dankie vir almal wat so gereeld klere na die gemeente se klerebank bring. Die klere word wyd en syd versprei na behoeftige persone.

Daar is tans ‘n behoefte veral mansklere en -skoene.

Bring gerus na die kerkkantoor.

KEN-JOU-KERK-EN-WEN 2021

Sluitingsdatum is Maandag 4 Oktober 2021 om 12:00 en GEEN laat inskrywings sal aanvaar word nie.

September 2021 het aangebreek en so ook Blokke B en D se fondsinsameling vir ons gemeente. In Junie is daar vetkoeke verkoop, in Augustus `n boks vol groente en nou gaan blokke B en D sorg dat daar vleis in jou yskas/vrieskas is.

Al wat jy hier in die beginmaand van die Lente-seisoen moet doen is om jou algemene kennis van ons leraars en gemeente te toets teen `n klein inskrywingsfooi van R100. Jy kom dan in aanmerking om met een van die volgende pryse weg te stap.

`n Heel lam, halwe vark (twee pryse), 3kg pak boerewors (7 pryse) of `n heel hoender

Die inskrywingsvorms is beskikbaar by die blokleiers/wykleiers/dienswerkers of by die kerkkantoor sowel as op die webwerf www.ngkeike.co.za.

Daar is geen beperking op aantal inskrywings per individu nie en lidmate kan ook hul familie en vriende buite ons gemeente nader om in te skryf.

Pryswenners sal so gou moontlik na 4 Oktober 2021 bekend gemaak word.

(onthou pryse moet by die kerkkantoor afgehaal kan word)

NUUS VANUIT DIE FONDSE KOMMISSIE

Ons jaarlikse Tiendemaand Dankofferinsameling vind plaas op Sondag, 31 Oktober.

Die koeverte word tans versprei. Kontak jou blokleier of kerkkantoor indien jy nie ’n koevert ontvang nie.

Jy kan benewens ’n bydrae per koevert, jou bydrae ook op ander maniere gee – daar sal ’n briefie met volledige besonderhede in jou koevert wees.

SKOOLVERLATERS

Die Kommissie vir Vrouelidmate wil graag vanjaar weer tydens die erediens van 17 Oktober 2021 aan al ons matrikulante ‘n geskenkie oorhandig en hulle voorspoed toewens met die naderende eindeksamen.

Ons beskik oor die volgende name van Matrikulante. Indien jy weet van nog lidmate wat vanjaar in Matriek is, laat weet asb die kerkkantoor sodat ons hulle ook kan uitnooi na dié geleentheid.

- Reneé Bleeker
- Tia Welman
- Carlize van Zyl
- Mila van der Merwe
- Gerhard van Zyl
- Björn Deutschmann
- Cian Myburgh

WYNVEILING

Ons hou weer De Eike se jaarlikse Wynveiling,

DV op 13 Oktober 2021 by Kaapzicht.

Koste is R250 p/p.

Kontak die kerkkantoor vir meer inligting.

<u>Advertensie in wynveiling katalogus</u>

Lidmate het die geleentheid om hul besighede te bemark in die wynveiling katalogus.

Vir meer inligting kontak die kerkkantoor.

NUWERUS BASAAR

23 Oktober 2021

Nuwerus Gemeente nooi De Eike se lidmate om saam met hulle basaar te hou.

Julle word uitgenooi om die naweek saam te gaan geniet.

Kontak vir Franci op 082 891 2384 indien jy wil saamgaan.

BEDANKING

Graag wil ons as familie almal hartlik bedank vir al die woorde van medelye en vertroosting met die heengaan van ons geliefde moeder, Ria van Niekerk. Elke gebaar word opreg waardeer.

Sy was baie lief vir De Eike-gemeente en sy mense.

Groete Riana Fick

AKSIE SAMARITAAN KERSFEES-PROJEK

Borg 'n hawelose!

Die sopkombuis is gesluit vanaf 16 Desember 2021 tot 17 Januarie 2022. Dit is ‘n lang tyd om sonder kos te wees vir die haweloses wat daagliks afhanklik is van die sopkombuis om in hulle kosnood te voorsien. Ons probeer elke jaar om tydens ons afsluiting ’n basiese kospakkie aan ons kliënte te voorsien om hulle by te staan gedurende hierdie tyd. Ons begroot op 150 kospakkies maar daarvoor het ons julle hulp nodig. Die koste van ’n kospakkie beloop R650. Daar is dan twee opsies beskikbaar hoe jy ’n hawelose kan borg. Jy kan die kontant verskaf of jy kan self die kospakkie opmaak uit die onderstaande lys wat verskaf word. Groepe kan ook saam een of twee haweloses borg.

Die afsluiting word gehou op 16 Desember 2021. Alle kospakkies of gelde moet asb teen vrydag 10 Desember 2021 verskaf wees.

Indien jy bereid is om ’n hawelose te borg kontak gerus vir Jacomina Swart by 0824533862 vir verdere besonderhede.

LYS VAN ITEMS IN KOSPAKKIE:

2kg Rys 2,5kg Suiker 1 pak macaroni 1 pak soup mix 500g koffie
1kg mieliemeel 450g weetbix 1 pakkie(25) teesakkies 500ml olie 1 pakkie cremora
1 boksie cup-a-soup 2 blikkies bullibeef sout 2 blikkies sardientjies 2 blikkies gemengde groente 2 blikkies baked beans 1 pakkie koekies 1 groot pak chips 1kg koekmeel
5 pakkies 2min noodles 1 bottel aanmaak koeldrank 2 boksies soya mince 1kg waspoeier

Ons wil dit ‘n spesiale geleentheid maak en is ook op soek na skenkings van 3 skape, alles in tjops, wat ons graag wil braai tydens die kersafsluiting.

Ons soek ook 30 persone wat elkeen ‘n kind kan borg om ‘n spesiale kerspakkie op te maak. Koste hiervan beloop R300. Kontak ons asb as jy dalk met enige van die versoeke kan help.

Artikel 18A sertifikate kan verskaf word en erkenning kan ook gegee word op ons facebook bladsy vir enige donasies ontvang.

Donasies kan inbetaal word in die volgende rekening: Aksie Samaritaan, Absa Bank, tjekrekening nommer 4089388257, verwysing - Kersfees

Mag die Here jou bereidwilligheid en diensbaarheid seën!

PREEKSKETS

TEMA - DIE ESSENSIE VAN DISSIPELSKAP

Prediker: Ds Hannes Burger

Skriflesing: Markus 10:2-16

Inleiding: Die Jode kom (weer) na Jesus toe met ‘n strikvraag.

- Wát Hy ook al antwoord, gaan verkeerd wees.
- Maar Jesus neem hulle terug na die essensie: God se bedoeling.

1. **Jesus herbevestig die heiligheid van die huwelik**.
   - Die Here het die huwelik ingestel.
   - Die Here is betrokke by elke huweliksbevestiging.
   - Selfs die waarin Hy nooit geken of erken is nie!
   - Daarom mag ons nie ligtelik met hierdie verbintenis omgaan nie!

2. **Beteken dit dat daar geen vergiffenis vir egskeiding is nie?**
   - Egskeiding is vir seker nie God se wil nie.
   - Ongelukkig, in ons gebroke wêreld, gebeur dit wel.
   - Dit hef egter steeds nie God se reëls vir hoe ons met mekaar handel, op nie.
   - Aan die ander kant maak Jesus hier ook nie net ‘n punt oor skei nie.
   - Dis so maklik om vinger te wys, maar dis nie net egskeiding wat teen God se reëls vir die huwelik is nie.
   - Wat is God se wil van die begin af? DIS tog die toets vir ons huwelike...

3. **Dis nie sonder rede dat die seën van die kindertjies net hierna volg nie...**
   - Wat maak hierdie radikaal anderse manier van lewe saam met ander moontlik?
   - Jesus gee ons die mees basiese grondreël vir verhoudinge in die koninkryk (15)
   - Dis waarby Paulus later aansluit as hy oor die huwelik skrywe (Efes 5:21).
   - Dis alleen die nederige dienaar, wat God behaag...